# Ons gee God se Hoop en liefde aan

**Diensnuus**
**23 Augustus 2026**

**09:30 Erediens/Kategese**
**09:00 Botrivier Nagmaal**
**09:30 Erediens vir Plaaswerkers Caledon Wes kerk**





## 01 DAGBOEK :

23 Augustus: Wykskuier Langhoogte
Ds. Dewald du Toit- Greyton
Ds. Willem Lubbe- Napier
24 Augustus: Finansie vergadering
26 Augustus: Kerkraadsvergadering
30 Augustus: Solitaire Nagmaal

## 02 LANGTERMYN ONDERSTEUNING:

Leonie Blom
Riëtte Steyn
Heleen Lombard

## ONS BID VIR :

Pietie Groenewald
Stephanie Visser
Anna Badenhorst
Kobus Theunissen
Willem Victor
Hannie Swart (Solitaire)
Nico Louw

## 03 ALGEMENE INLIGTING:

**Saam bid:**

*Woensdae oggende* - 07:00 Laerskool Overberg
Donderdae oggende - 05:00 Gebedskamer

**Kantoorure:**
Ma-Do: 07:30-17:00, Vr: 07:30-15:00
Tel: 028 212 1202
Whatsapp: 072 807 3192
E-pos: ngkcaledon@twk.co.za
ngkcaledon2@twk.co.za

## 04 Slaglamveiling& Melodrama:

Melodrama word saam met veeveiling aangebied op **6 Oktober**.
Kaartjies beskikbaar vanaf **24 Augustus** by kerkkantoor.

## 05 MARANATHA VOEDSELPROJEK:

Ons is gereeld op soek na **gevriesde bakkies oorskietkos** wat ons aan die Maranatha Voedselprojek kan skenk.
Hierdie maaltye word aan mense versprei wat dit regtig nodig het, en daar is 'n groot behoefte.
As jy 'n ekstra maaltyd maak of oorskietkos het wat gevries kan word, bring dit gerus kerkkantoor toe.
Bakkies by deure beskikbaar.

Baie dankie

## 06 DIENSBEURT:

***23 Augustus***
Wes-Einde

***Baie dankie***

***30 Augustus***
*Wyk 2*

## Skrywe nav Kerkraadsvergadering en Besluit oor Gebruik van Geboue

Ons erken dat die saak kompleks is en dat dit ons gemeentevisie en roeping raak. Hieronder volg die samevatting van die besprekings en die eenparige besluit van die Kerkraad, vir die gemeente en belanghebbendes.

**Vergaderings en Agtergrond**

**Eenwording:** Sedert ons eenwording op 1 Maart 2025 het ons die vraag gestel: *Hoe kan ons God beter saam dien?*

**Besluit oor Kommersiële Ontwikkeling**

**Vraag:** Moet ons voortgaan met kommersiële ontwikkeling van die perseel?

**Besluit:** Die Kerkraad het eenparig besluit dat kommersiële ontwikkeling nie nou die verkose opsie is nie.

**Denkrigting:**

- **Finansieel:** Die verwagte opbrengs op belegging is nie genoegsaam nie. Kommersiële ontwikkeling is nie bloot ’n beleggingsbesluit nie, maar ’n projek van aansienlike omvang met bestuur, aandag en kapitaal wat geverg gaan word en uiteindelik eienaarskap wat gaan fragmenteer en beheer wat uit ons hande gaan. Dus gemeet teen ’n eenvoudige verkoop van die eiendom, regverdig die verwagte opbrengs nie tans die koste en risiko van so ‘n projek nie.
- **Struktureel:** Ons huidige strukture bied reeds baie, veral die Wes-kompleks, sodat die afbreek of vervreemding van die geboue nie tans sinvol sal wees nie.
- **Gemeenskap:** Ons glo die gemeenskap se steun op-  en benutting van die geboue tesame met die Koninkrykswerking wat daarbinne moontlik is, is ryp vir doelgerigte aanwending.
- **Roeping:** Ons roeping vereis nie drastiese veranderinge om ons bediening te laat voortgaan nie. Dit vra bloot belyning en die beskikbaarstelling van die perseel/persele.

By die vergadering van 18 Februarie 2026 is die volgende riglyne uitgele en by die KRV op 3 Augustus 2026 herbevestig:

1. Die evangelie moet die sentrale rigtinggewende faktor wees in enige toekomsbesluit.
2. Die gemeente besit twee kerkgeboue. Die Wesgebou het ’n ander funksie en kan nie eenvoudig dubbeld as kerkgebou gebruik word nie.
3. Sensitiwiteit en omsigtigheid moet die basis wees van alle besprekings oor die gebou.
4. Die gebou moet benut word om finansiële verlies te voorkom.

**Voorleggings en Alternatiewe**

Ons wil met erkentlikheid noem dat hierdie voorleggings die moeite ten volle werd was: dit het ons met konkrete syfers en ruimtelike konsepte toegerus en ’n ingeligte, eenparige besluit moontlik gemaak - juis die ‘eers syfers, dan besluit’-benadering wat van die begin af voorgestaan is. By die vergadering van 3 Augustus 2026 het ons voorleggings ontvang van Tiaan Meyer Argitekte en Heinrich Beer, Bourekenaar. Hulle het verskeie ontwikkelingscenario’s en verwagte winsmarges voorgelê.

**Kerkraad se besluit oor bestuur en gebruik van geboue**

- Ons het eenparig besluit dat ons die geboue vir nou self gaan bestuur.
- Ons kies primêr vir behoud van die huidige fasiliteite met verbeterde benutting, met die moontlikheid om strukturele veranderinge te ondersoek waar dit sinvol en in lyn met ons roeping is. Die oogmerk is nie bloot om verlies te bekamp nie, maar om daadwerklik eienaarskap te neem, die fasiliteite te befonds en met die nodige bestuur toe te rus om benutting te dryf, sodat die finansiële prentjie verbeter en, bowenal, die geboue se gemeenskaps- en Koninkryksgebruik kan groei en ontwikkel.

**Volgende Stappe en Implementering**

**Korttermynaksies**

- Ons ondersoek planne vir **beter benutting** van bestaande fasiliteite.
- Ontwikkel ’n finansiële plan om **verlies te voorkom** en volhoubaarheid te verseker.

**Slotopmerking**

Ons gemeente se visie is om **God se hoop en liefde** uit te deel. Ons wil voortgaan om in eenheid te groei en ons geboue doelgerig te gebruik om daardie visie te ondersteun. Die Kerkraad bly bereid om besprekings te voer indien nuwe, duidelike en roeping-gefokusde inligting voorgelê word.

---

## VERJAARSDAE:

| Naam | Van | Verjaardag |
|---|---|---|
| Chris | Coetzee | 08/21 |
| Klara | De Kock | 08/21 |
| Bertus | Smit | 08/21 |
| Gert | Augustyn | 08/22 |
| Jp | Etsebeth | 08/22 |
| Anli | Fourie | 08/22 |
| Frances | Jooste | 08/22 |
| Hammie | Neethling | 08/22 |
| Hume | Schönfeldt | 08/22 |
| Bernalee | Noeth | 08/23 |
| Koos | Smith | 08/23 |
| Juan | Diedericks | 08/24 |
| Heinrich | Schönfeldt | 08/24 |
| Isabelle | Smal | 08/24 |
| Johan | Fourie | 08/25 |
| Johan | Kruger | 08/25 |
| Tonie | Linde | 08/25 |
| Rahna | Matthee | 08/25 |
| André | Boshoff | 08/26 |
| Natasha | Coetzee | 08/26 |
| Elmi | Theron | 08/26 |
| Willem | Van Deventer | 08/26 |
| Christa | Van Rensburg | 08/26 |
| Marina | Van Wyk | 08/26 |
| Gertruida | Du Buisson | 08/27 |
| Jana | Lubbe | 08/27 |
| Mara | Volschenk | 08/27 |
| Martin | Eksteen | 08/28 |
| Christo | Kotze | 08/28 |
| Charlene | Mc Gregor | 08/28 |
| Inge | Smit | 08/28 |
| Tobias | Van Rensburg | 08/28 |
| Dané | Kershoff | 08/29 |
| Tollie | Lourens | 08/29 |
| Kotie | Van Jaarsveld | 08/29 |
| Carla | Whiteman | 08/29 |
| Dawid | Du Toit | 08/30 |
| JD | Van Niekerk | 08/30 |

## **Preeknota's:** 23 Augustus 2026

Die Johannes-evangelie bring drie temas baie helder na vore. Aldus die bekende skrywer en teoloog Henri Nouwen .
Intimiteit (intimacy): Joh 15:4
Vrugbaarheid (fecundity): Joh 15:5
Vreugde (ecstasy): Joh 15:11

Om aan Christus te behoort, gelowige te wees, is soos om in 'n veilige huis te bly. 'n Huis gevul met intieme liefde.

'n Huis wat uitloop op 'n vrugbare lewe. 'n Huis gevul met "ecstasy ".
Vandag fokus ons op die eerste deel naamlik intimiteit.

Skryf hier onder wat is die GEHEIMENIS van die evangelie waaruit alle intieme liefde vloei ?

______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________
______________________________________________________________________

Wanneer ons hierin, hierdie geheimenis, elke oomblik leef, leef ons in Jesus se intieme liefde. Is ons lewe elke oomblik splinternuut. Gebeur die Onse Vader gebed. Soos in die hemel, net so ook op die aarde.

## MATRIEK BOKSIES:

Soos elke jaar is ons weer besig met ons **Matriekboksies-projek**, en ons vra asb julle hulp om vanjaar se boksies spesiaal te maak.

Ons benodig asb **16 van elke item**.

'n **Kontantbydrae** is ook baie wekom.

Bydraes kan voor **9 Oktober 2026** by kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie vir julle ondersteuning.



